# MIDSTREAM COLLEGE

Klik op die logo hier onder vir meer inligting

Akademie

Sport

Kultuur

**NUUSBRIEF 12 | 27 AUGUSTUS 2026**

## SKOOLSAKE

## VAN DIE SKOOLHOOF SE KANTOOR

*Strength of character may be learned at work (or school), but beauty of character is learned at home.*

*Henry Drummond*

Met die lente reeds in die lug wil ek elke ouer bedank wat 'n geborge huis vir hul kinders skep – dis 'n veilige hawe vir kinders waar hulle veilig en tuis voel, asook 'n plek waar hulle kan floreer en karakter bou. Strewe daarna om sterk, standvastige boë te wees, aldus Kalil Gibran in The Prophet:

*You are the bows from which your children as living arrows are sent forth.*

Na feitlik twintig jaar wat ons in Menlopark gebly het, het ons Maandag na Midstream verhuis. 'n Trekkery is vir seker 'n emosionele en uitputtende proses – dit is die huis waarin ons ons kinders, Christian en Mia grootgemaak het. Koester die tyd saam met julle kinders, want in 'n oogwink is hulle volwasse, getroud en is julle eerste kleinkind op pad 😊.

Graag wil ek die 99% van ouers bedank wat ons personeel professioneel en met respek hanteer. Mea culpa – ja, ons maak foute en stel dit graag reg – maar niks gee enige iemand die reg om iemand anders, veral ons onderwysers, te vloek of onbeskof en disrespekvol teenoor hulle op te tree nie. Wanneer laas het julle 'n onderwyser bedank wat die ekstra myl vir julle kind geloop het?
'n Vriendelike waarskuwing – leerders is al uit privaat skole in Gauteng geskors as gevolg van die wangedrag van hulle ouers.

Op die College-front is die krieket-, landloop- en sagtebalseisoene voluit aan die gang, terwyl ons dramadepartement, Melodia, orkes en revue se seisoen vinnig besig is om hul grand finale-fase te betree.
Ek hoop om baie van julle Saterdagmiddag of -aand by ons MC$^3$-konsert in LMRP (Laerskool Midstream Ridge Primary) se skoolsaal te sien waar ons twee laerskole en die College hul onderskeie kultuurtalente ten toon stel.

Baie sterkte aan ons matrikulante met julle rekordeksamen wat Vrydag begin. Onthou die Bybel verwys selfs daarna dat die arbeider sy loon waardig is – vasbyt!

## *RISE AGAINST HUNGER*-PROJEK

Graag wil ons u almal van harte vir die bydraes ter waarde van R203 250 bedank. ’n Spesiale woord van dank aan Francois de Witt en Multiloads vir hulle reusebydraes. Dit het die graad 10’s in staat gestel om 118 152 maaltye vir minder-bevoorregtes, as deel van hulle gemeenskapsuitreikprojek, te pak.

## SKOOLVERVOERROETES

Ons is besig met ’n opname om die moontlikheid van skoolvervoerroetes in 2027 te ondersoek. Die voorgestelde roetes is:

1. Rooihuiskraal-omgewing: Oplaaipunte naby Laerskool Wierdapark, Bakenkop en Rooihuiskraal.
2. Centurion-omgewing: Oplaaipunte naby Zwartkop Uitb., Centurion Golf Estate en Highveld.
3. Kemptonpark/Benoni-omgewing: Oplaaipunte by Total Energy Glen Marais (h/v Veld-en Vleisstraat) en Engen Avonlea Motors (by die Bredell-dam).

Die moontlike roetes, tye en kostes sal later gefinaliseer en gekommunikeer word, sodra die opname afgehandel is. Voltooi asseblief die vorm indien u belangstel: https://forms.gle/vu8UR2zADimxtZYV7

## BELANGRIKE DATUMS

28 Augustus – Gr. 12-blokdag
29 Augustus – MC³-konsert
5 September – SpringFest
10 – 18 September – Odyssey
16 – 18 September – Graadkampe